Begunstigdes van NWK Leweransiersgholfdag 2007

NWK se Leweransiersgholfdag het op 5 Junie 2007 plaasgevind en tydens die dag is R60 000 vir liefdadigheid ingesamel. Die fondse is op 29 Junie, tydens 'n oorhandigingsfunksie, aan die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF), Meervoudige Sklerose Suid-Afrika en Bybelgenootskap van Suid-Afrika geskenk.

Die SAVF lewer professionele welsyns- of welsynsverwante dienste. In die sentrale Noordwes streek is die SAVF onder andere betrokke by die Retabile kinderhuis en SAVF Atamalang Shelter in Klerksdorp asook dagsorgsentrums vir kinders op Brits, Lichtenburg en Fochville. Me Maria van den Berg (streeksleier: SAVF) het die tjek ter waarde van R20 000 van dr Chris Wentzel (besturende direkteur: NWK) ontvang.

Ongeveer 2 500 000 mense wêreldwyd lei aan meervoudige sklerose – 'n kroniese, voortskrydende neurologiese toestand. Mnr Fanie du Toit (nasionale voorsitter: Meervoudige Sklerose Suid-Afrika) bedank dr Wentzel vir die skenking wat vir navorsing gebruik sal word.

Dr Wentzel het die tjek aan Hennie Dekker (Bybelgenootskap Suid-Afrika) oorhandig. Die R20 000 sal deur die Bybelgenootskap aangewend word vir die "Faith comes by hearing" projek in die Noordwes provinsie.

Baie dankie aan die volgende borge en ondersteuners sonder wie die gholfdag nie sou kon plaasvind nie:

ARS, A - Z Printing, Absa, ADD-X Trading, Afrox, Agrinet, BASF, Bosch, Bosmans, Cape Gate, CC Teerpale, Engen, Faction Media, Falcon Equipment, Farmwise, Grasland Ondernemings, Greame Morey (sakeman), Infoworks, Kredit Inform, Landboumakelaars, Macsteel, Merial, Mountainview Indwe, Mutual & Federal, Nashua, National Fumigants, New Holland, NW Motors, Noordwes VW, NWK/Omnia agentskap, OFM, Olivier Lourens Fourie prokureurs, PPC Sement, Prestige Credit, PricewaterhouseCoopers, Profert, SA Peanut, Sabie Management, Santam, Shield Safety Products, The Survey Workshop, Tindrum Advertising, Topexec, Total, Triotrade, Voermol en WW Staal.

NWK